## 9 September Lukas 13:10-17

### *Omgee*

Ons gaan so in ons beroepe op dat daar nouliks tyd vir ander en hul nood is. So was die sinagoge-hoof so besig om sy vriende, die Fariseërs, tevrede te hou. Die Wet van God, asook mensgemaakte byvoegsels is slaafs nagevolg.

Gevolglik het die liggaamlike en geestelike nood van hierdie vroutjie in nood hulle koud gelaat. Haar stryd met haar sonde en Satan asook haar soeke na God in haar agtienjaar lange beproewing het by hulle verbygegaan. Trouens, hulle was meer begaan oor 'n donkie of bees se dors as oor hierdie vrou se nood uit hulle eie verbondsvolk, uit God se kerk.

Ons Here en Eienaar tree egter so anders op - selfs al is Hy met baie belangrike dinge besig! Hy reik uit met sy hart. Hy trek elkeen se lot vir Hom aan en steek sy Hande besorg uit. Hy roep met 'n oorwinningskreet na haar - en ook ons - en breek die oorsaak van alle ellende: die bande van die Satan wat haar reeds agtienjaar belemmer om God te dien.

Die Here gee vir ons soveel om dat Hy sy Seun op Golgota vir ons laat sterf. Hoe gee ons nou vir ander om? Is ons binne ons klein groepie enersdenkendes so met die Woord van God (en veral met ons mensgemaakte byvoegings) besig dat ons koud en afsydig teenoor ander se liggaamlike en geestelike nood staan? Wat sou van ons geword het as die Here Jesus Christus so teenoor ons nood gestaan het?

Sing: Skrifberyming 17:1,6 Ds. S.F.F. van der Walt (Queenstown)